

Sondag 22 September

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8

Fokusgedeelte: Romeine 12:1-8

Lewende en heilige offers

Wat beteken dit om 'n Christen te wees? Paulus wys ons dat “Christen-wees” “nuut wees” beteken. Dit beteken dat gelowiges 'n nuwe lewe in Christus ontvang het.

Wat beteken dit om nuut te wees? As iets nuut is, is dit ongebruik, vars of oorspronklik. Dit is wat 'n gelowige in Christus word. Dit beteken dat ons 'n nuwe begin ontvang het. Paulus praat van hierdie nuwe lewe as “heilig”.

Soos enigiets wat nuut is, moet ons ons nuwe lewe in Christus vir 'n bepaalde doel gebruik. Die groot doel is om onself aan God te gee. Paulus sê dat om jouself vir God te gee, “die wesenlike van die godsdiens is wat ons beoefen”.

Dit is makliker gesê as gedaan. Paulus sê eerstens: “Gee julleself aan God as 'n lewende en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is.” Dit is net deur Christus wat ons vir God aanneemlik kan wees. Dit is Hy wat hierdie nuutheid teweegbring. Om heilig te wees, beteken om te wees soos wat God my bedoel het om te wees. Hy het ons gemaak vir Hom en vir niks anders nie, beslis nie vir die sonde nie.

Dan sê Paulus dat ons 'n lewende” offer moet wees. Dit beteken dat ek myself moet oorgee! Ja, maar om myself aan God te gee, beteken nie dat ek my lewe verloor nie, inteendeel, dan vind ek lewe in Hom. Daarom moet jy nie bang wees om jouself aan God te gee nie. In Christus is ons nuut en aanneemlik vir God. Ons is gered!

Vergeet van die dinge in die lewe wat jou laat struikel. Dit is die belangrikste om jou aan God te gee. Die Here se arms staan oop vir jou. Al wat jy moet doen, is om jou aan God oor te gee omdat Hy Hom oor jou ontferm het.

Sing: Psalm 138-1:1, 4

Dr. GJ Niemann (Gerhard) (Cullinan)